



...vir Geregtigheid

Matt 25:31-46 & Miga 6:8

Gemeente Prioriteite: Saam Leef en Heel Word

In die lig van ons gemeente prioriteite en spesifiek die eerste een van Saam Leef, staan ons vir 6 weke stil by die tema **Saam-Geroep**. In ons gemeente wil ons 'n verskil in ons gemeenskap maak, anders dam die stroom van Lewende Water op en bring dit nie hoop en lewe om ons en in die wêreld nie. Ons kies oa om 'n publieke kerk te wees wat hoop bring. Ons kies om doelbewus ruimtes van verskeidenheid te skep waarin ons saam kan wéés en saam kan lééf.



Hierdie gedeelte is een van Jesus se laaste openbare optredes voor sy dood. Waar die profetiese rede ons deurgaans oproep om gereed te wees vir Jesus se koms, help hierdie gedeelte ons verstaan hóé ons gereed moet wees.

Dit is 'n voorstelling van wat by die laaste oordeel gaan gebeur. *"In a flash of light, behold the vision: the beautiful dream of justice and joy is held up in the two hands of Christ."* (Nancy Rockwell)

En die teks is eintlik kristalhelder: God weeg ons lewe op grond van ons reaksie op menslike nood; om Jesus te raak te 'leef' by mense in nood. Die vraag is hoe reageer ons op Jesus se 'teenwoordigheid' waar ons dit die minste verwag?

Matteus skryf spesifiek vir Joodse gelowiges wat vervolgd is vir hul geloofsoortuigings en leefstyl van naasteliefde. En hy sê vir hierdie moedelose volgelinge van Jesus: dit is alles die moeite werd; moenie moeg word om goed te doen nie!

HULLE het die beeld van die (1) SKAPE en (2) BOKKE goed verstaan:

- skape en bokke het destyds deur die dag saamgewei, en is saans geskei en in aparte krale gejaag.
- skape was ook meer werd as bokke

Opvallend hoe die groepe reageer: die eerstes met groot **verbasing** "Wanneer het ons . . .?" (37-39) en die tweedes met **verbystering** "Wanneer het ons . . . en U nie . . .?" (44). Bokke sien nie hulleself as bokke nie; maar die skape dink ook nie hulle is skape nie.

Wie is die geringstes waarvan Jesus praat?
Willie Jonker verklaring dink ek is in die kol: "Jesus is aan die kant van die underdog – maar spesifiek die underdog wat *tjank*, nie die underdog wat *byt* nie"

"As jy bloot gekom het om my te help, mors jy jou tyd. Maar as jy gekom het omdat die Christus in jou die Christus in my raaksien, en omdat my bevryding verbind is aan jou bevryding, laat ons die pad saam loop." Anoniem

Martin Luther het by geleentheid gesê: "As jy My wil dien," **maak net jou oë oop.**" Want dit is seker waar van ons almal: ons soek God waar Hy nie te vinde is nie. Hy het uit die hemel neergedaal... maar ons wil daarheen opstyg!

Geregtigheid gaan ten diepste oor die kwaliteit van ons liefde. Ons liefde teenoor die **geringstes** praat oor wie **God** is en sy verlange om elke mens te versorg. Soos Jaco Strydom sê: "Liefde lyk soos iets." Om waarlik lief te hê is om almal in God se skepping lief te hê op 'n sigbare manier.

Daar waar liefde geïnhibeer word, volg geestelike dood op haar hakke... Soos Jean-Paul Sartre gesê het: "Hel is *ander mense*". Maar waar liefde floreer, is die Goeie Nuus van God lewend: vreem-

delinge word verwelkom, vyande word liefgehe, die wat honger is kry kos, en die siekes word gesond...

Hoe lyk hierdie **geregtigheid** vandag?: "*We are contending with agents of "vicious power" whenever we step up to find justice for those pushed to the margins, but even though "in testing's hour" we will be tempted to retreat, Jesus leads us forward: he bids us see his face in the face of each person who is being labeled, harassed, excluded, insulted, hurt, or deported.*" (Fritz Wendt)

Die boodskap van hierdie teks is nie vrees vir God se oordeel nie, maar 'n uitnodiging/aansporing tot 'n lewe van **liefde**: Jesus sê oor en oor wanneer lewe ter sprake is, is hoe jy optree, die sleutel; nie die **belydenis** wat jy maak nie, nie die transaksie wat jy met God sluit nie, maar die lewe wat jy *saam* met God lewe, en hoe jy na ander mense toe lewe in die naam van God.

Verskillende elemente van geregtigheid:

- vergelding - wat iets wegneem van diegene wat by ander geneem het
- restitusie - om terug te gee wat weggeneem is
- rehabilitasie - om diegene wat verkeerd gedoen het, te help
- herstel - om alle partye te help om reg te maak wat verkeerd is
- verhouding - om wedersydse verhoudings te help bou tussen verontregtes, oortreders en belanghebbendes